

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

75

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

SENTRUMNOMMER:

KANDIDAAT SE
EKSAMENNOMMER:

AARDRYKSKUNDE VRAESTEL 2

STANDAARDGRAAD

OKTOBER/NOVEMBER 2006

502-2/2A

AARDRYKSKUNDE SG: Vraestel 2
Vraestel & Kaarte

PUNTE: 75



502 2 2A

SG

TYD: 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, 'n topografiese kaart en 'n ortofotokaart.



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Die vrae in hierdie vraestel is op die 1:50 000 SA topografiese kaart 3419 AB Caledon en die 1:10 000 SA ortofotokaart 3419 AB 24, wat 'n uittreksel van die gekarteerde gebied is, gebaseer.
3. Skryf jou eksamennommer in die spasio wat op die voorblad van hierdie vraestel voorsien is.
4. Beantwoord AL die vrae OP hierdie vraestel.
5. Gebruik die laaste bladsy van hierdie vraestel vir ALLE rofwerk.
6. Sommige vrae kan slegs beantwoord word indien die topografiese kaart en die ortofotokaart saam bestudeer word.
7. Na voltooiing van hierdie vraestel, moet hierdie vraestel, sowel as die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die toesighouer terugbesorg word. Dit word die eiendom van die skool.
8. 'n Woordelys van sommige Engelse en Afrikaanse woorde met hulle vertalings verskyn op die volgende bladsy.

WOORDELYS


Afrikaans

Begraafplaas
Uitgrawings
Warmwaterbronne
Golfbaan
Hospitaal
Veldblomtuin
Natuurreservaat
Rioolwerke
Skougronde

Engels

Cemetery
Diggings
Hot Springs
Golf Course
Hospital
Wild Flower Garden
Nature Reserve
Sewage Works
Show Grounds

LIGGING VAN CALEDON IN SUID-AFRIKA



AFDELING A**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verwys na die 1:50 000 topografiese kaart 3419 AB en die ortofotokaart 3419 AB 24 van Caledon (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1 - 1.10) in die blokkie wat voorsien is aan die regterkant van die bladsy neer.

1.1 Die dorp Caledon is in die ... deel van die land geleë.

- A noordwestelike
- B suidwestelike
- C oostelike
- D westelike

1.2 Caledon ontvang die meeste reën in die ...

- A winter.
- B lente.
- C somer.
- D herfs.

1.3 Die kontoerinterval op die topografiese kaart is ... meter.

- A 10
- B 20
- C 40
- D 5

1.4 Die oseaan wat die naaste aan Caledon is, is die ... Oseaan.

- A Indiese
- B Stille
- C Atlantiese
- D Suidelike

1.5 Die TWEE soorte skale wat op die topografiese kaart voorkom, is die ...

- A lynskaal en woordskaal.
- B woordskaal en verhoudingskaal.
- C verhoudingskaal en lynskaal.
- D lynskaal en Richterskaal.

- 1.6 Die 34°-lyn op die topografiese kaart verwys na ...
- A temperatuur.
B die lengtelyn.
C ware noord.
D die breedtelyn.
- 1.7 Die SSK (F op die topografiese kaart) van Caledon het 'n ... straatpatroon.
- A sirkel-
B rooster-/ruit-/reghoekige
C onreëlmatige
D radiale
- 1.8 Die mensgemaakte verskynsel op die topografiese kaart in ruit C5, is 'n ...
- A meer.
B moeras en vlei.
C reservoir.
D dam.
- 1.9 Die hoogte van die trigonometriese stasie in ruit M1 is ... meter.
- A 106
B 280,8
C 307,8
D 257,1
- 1.10 Die dreineringspatroon in ruit K15 is 'n ... patroon.
- A tralie-
B reghoekige
C dendritiese
D radiale

TOTAAL AFDELING A: (10 x 2) 20

AFDELING B**VRAAG 2: KAARTWERKTEGNIEKE EN BEREKENINGE**

- 2.1 Skryf die skaal van die topografiese kaart as 'n woordskaal.
_____ (1 x 2) (2)
- 2.2 Bereken die werklike afstand tussen punthoogte • 199 (ruit O5) en punthoogte • 230 (ruit O7) in kilometer. Toon AL die berekeninge.

_____ (4)
- 2.3 Gee die ware peiling (geografiese peiling) van trigonometriese stasie 220 in ruit N11 vanaf trigonometriese stasie 217 in ruit O10.
_____ (4)
- 2.4 Bereken die oppervlakte van die afgemerkte deel gemerk H op die topografiese kaart in km².
Oppervlakte = Lengte x Breedte (Gegee: Lengte 11 cm; Breedte 6 cm)

_____ (6)
- 2.5 Sal die magnetiese deklinasie vir 2006 groter of kleiner wees as 23°46' W? Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____ (2 x 2) (4)

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C**VRAAG 3: RELIËF EN DREINERING**

Gebruik die topografiese kaart en die ortofotokaart (aangeheg) om die volgende vrae te beantwoord:

- 3.1 Pas die onderstaande landvorme by die letters A, B en C op die topografiese kaart:

vallei; mesa; nek

3.1.1 A in ruit J1 = _____ (1 x 2) (2)

3.1.2 B in ruit F4 = _____ (1 x 2) (2)

3.1.3 C in ruit H12 = _____ (1 x 2) (2)

- 3.2 Kies die korrekte term tussen hakies om die volgende stelling WAAR te maak:

Die meeste van die riviere op die kaart is (standhoudend/nie-standhoudend) as gevolg van lae reënval.

_____ (1 x 2) (2)

- 3.3 Kies die korrekte term tussen hakies om die volgende stelling WAAR te maak:

Die Riviersonderendrivier het baie moerasse en vleie, daarom is die rivier in sy (bолоop/middelloop/benedeloop).

_____ (1 x 2) (2)

- 3.4 Jy stap die staproete in ruit L12. Is die helling steil of geleidelik?

_____ (1 x 2) (2)

Verduidelik jou antwoord.

_____ (1 x 2) (2)

- 3.5 Wat is die hoogte van die windpomp in ruit H11?

_____ (1)

TOTAAL AFDELING C: 15

AFDELING D**VRAAG 4: NEDERSETTING**

4.1 Verwys na die nedersetting in ruit L2.

4.1.1 Identifiseer die nedersettingspatroon van hierdie nedersetting.

_____ (1 x 2) (2)

4.1.2 Noem TWEE voordele om in hierdie tipe nedersetting te woon.

_____ (2 x 2) (4)

4.2 Die SSK van Caledon kom by F (ruit N11) op die topografiese kaart (aangeheg) voor. Gee EEN rede, vanaf die kaart, om hierdie stelling te staaf.

_____ (1 x 2) (2)

4.3 Verwys na die straatpatroon by Tuinsig (ruit N11/12).

4.3.1 Identifiseer die straatpatroon.

_____ (1 x 2) (2)

4.3.2 Noem EEN voordeel van hierdie straatpatroon.

_____ (1 x 2) (2)

4.4 In ruit O12 kom die landelik-stedelike oorgangsones voor. Watter ontspanningsaktiwiteit kom in hierdie grondgebruiksones voor?

_____ (1 x 2) (2)

4.5 Gee EEN bewysstuk vanaf die ortofotokaart dat Vleiview (ruit O12) 'n lae-inkomstewoonbuurt is.

_____ (1 x 2) (2)

- 4.6 Gee 'n bewys vanaf die topografiese kaart (aangeheg) om aan te dui dat die inwoners van Caledon omgewingsbewaring toepas.

_____ (1 x 2) (2)

- 4.7 Noem 'n ontspanningskenmerk in ruit N12 op die topografiese kaart (aangeheg).

_____ (1 x 2) (2)

TOTAAL AFDELING D: 20

GROOTTOTAAL: 75

